Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

PUNTE-TOTAAL

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 2½ uur

100 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 28 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)

3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel voorsien is, te skryf.**

4. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

5. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

6. EEN blanko bladsy (bladsy 28) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsy. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

## SLEGS VIR GEBRUIK DEUR DIE HULPEKSAMINATORE

| **Vraag** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 15 | 15 | 10 | 20 | 30 | 10 | **100** |
| **Gemerk** | | | | | | | |
| **Gemodereer** | | | | | | | |

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LETTERKUNDE

## INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. **BEPLANNING** (*Vir paragraaf in Vraag 2 en opstel by Vraag 4*)

   Dit is 'n goeie idee om 'n **paragraaf of opstel** te beplan voordat jy dit neerskryf.

   2.1 Gebruik die ekstra spasie vir BEPLANNING op jou vraestel en trek 'n streep deur jou beplanning.


   2.2 *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*

3. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

4. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.

IEB Copyright © 2024

***ASEM*** **–** Jan Vermeulen




[LAPA Uitgewers 2016]

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Asem.*

**VRAAG 1**

***Seeplaas: Barries arriveer***

1.1

> Sy haal 'n koevertjie uit haar handsak en gee dit vir Stef. "Sy pa moet dit kry. In sy hande, asseblief."
>
> "Ek maak so." Stef lig twee tasse en die trommel sonder inspanning gelyktydig op en bind dit op die dra-rak vas. Die ander tas en die kitaar sit hy agter in die Buggy.
>
> Bl. 64

1.1.1 **Wat** was in die koevertjie wat Sersant Schreuder vir Stef gegee het en **waarom** mag sy dit nie vir Barries gee nie?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

1.1.2 Waarom kon Barries se pa nie vir Barries kom haal nie?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.1.3 Barries het vir die eerste keer iets van Olga in Stef se Buggy gesien. Wat was dit?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (1)

1.1.4 Waar het Barries vir Olga die eerste keer gesien?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (1)

1.1.5 Hoe het Olga probeer om Barries negatief te beïnvloed?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (1)

1.1.6 Waarom het Stef nie van die idee gehou dat Barries Seeplaas toe gekom het nie?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (1)

1.1.7 Twee van Barries se tasse het dit nie tot op Seeplaas gemaak nie.

**Waar** het hulle die tasse gelos en **wat** het daarna met die tasse gebeur?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2024

1.2

> 'n Man kom op die stoep uitgestap. Kaalvoet. Kniebroek en moulose T-hemp. Tatoeëerfigure teen sy gespierde boarms. Barries kan nie onthou dat Paul enige tatoes gehad het nie.
>
> Bl. 75

1.2.1 Waar het Paul die tatoes op sy arm gekry?

__________________________________________________

__________________________________________________ (1)

1.2.2 By wie het Paul die geld gekry om Seeplaas te koop?

__________________________________________________

__________________________________________________ (1)

1.2.3 Waarom het Barries aan die begin nie van die huis op Seeplaas gehou nie? Gee twee redes.

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________ (2)

1.2.4 Watter item in die kombuis het gewys dat Paul nie meer drink nie?

__________________________________________________ (1)

1.2.5 Hoe lank het Paul nie meer gedrink nie?

__________________________________________________ (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 2

***Die sewentiende verjaardagviering***

Skryf nou 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor die **sewentiende verjaardagviering** wat baie lewens verander het.

In jou **paragraaf** moet jy aan die volgende aandag gee:

2.1

- Die twee plekke waar hulle Barries se verjaardag gevier het. (2)
- Die rede waarom die eerste plek hulle uitgeskop het. (1)
- Wat Barries by die tweede partytjieplek gebreek het. (1)
- Twee redes waarom die ongeluk Barries se skuld was. (2)
- Wie Theo die aand met die Kadett raakgery het. (1)
- Waarom Barries hospitaal toe moes gaan. (1)

***Jou paragraaf:*** ***<u>Die sewentiende verjaardagviering</u>***

**BEPLANNING:**

*Gebruik hierdie spasie op jou vraestel vir beplanning.*
*(Onthou om 'n streep deur jou beplanning te trek.)*

IEB Copyright © 2024

***Jou paragraaf oor <u>Die sewentiende verjaardagviering</u>:***

***FINALE ANTWOORD:***

*Gebruik hierdie ekstra spasie op jou vraestel vir jou finale antwoord.*

IEB Copyright © 2024

## 2.2 *Barries en die polisie*

> Met die intrapslag haak die man die boeie van sy gordel los. "Barries Barnard, ek is kaptein Mfeka van Narkotika en dit is sersant Schreuder. Ons het jou kom haal."
>
> Sersant Schreuder sit 'n groot deurskynende sak op die bed neer. "Herken jy dié?"
>
> Bl. 31

2.2.1 Waar het die polisie Barries se dwelms gevind?

________________________________________

________________________________________ (1)

2.2.2 Waarom is die Oos-Kaap, waar Barries se pa bly, vir kaptein Mfeka so spesiaal?

________________________________________

________________________________________ (1)

2.2.3 Die polisie het besluit om nie vir Barries op te sluit nie, maar hy moes iets vir hulle doen.

Hoe moes Barries vir die polisie help? Gee twee feite.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2024

2.3 ***Die gevolge van die verjaardagviering in verskillende mense se lewens.***

Voltooi die onderstaande tabel. Vul elke keer die **negatiewe gevolg** van die gebeure in die **karakter** se lewe in.

| GEBEURE | NEGATIEWE GEVOLG |
|---|---|
| **Die ongeluk** | 2.3.1 Die gevolg in **suster Kapoor** se lewe:<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________ (1) |
| **Barries behandel Butcher sonder respek.** | 2.3.2 Gevolg in **Vera** se lewe:<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________ (1) |
| **Theo het die motor bestuur.** | 2.3.3 Gevolg in **Theo** se lewe:<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________ (1) |

**[15]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 DIALOOG

"Hallo, Nico." Hy vee die trane uit sy oë. "Ek is jammer om jou nou te pla, maar jy het gesê ek kan. Kan jy asseblief na my toe kom?"

"Wat is fout?"

"Ek weet wie my ma seergemaak het."

[Bl. 249]

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Barries** en **Nicolene Schreuder** nadat Nicolene by Barries se woonstel in Johannesburg gearriveer het.

3.1 Nicolene: Waarom is daar 'n gat in die sitkamermuur?

Barries: ______________________________

______________________________ (1)

3.2 Nicolene: **Watter** bewys het jy vir die polisie in die snippermandjie gekry en **wie** dink jy het jou ma se aanval beplan?

Barries: ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

3.3 Nicolene: Jy het gesê dat jou pa hier in jou woonstel was. Waaroor wou hy met jou praat?

Barries: ______________________________

______________________________ (1)

3.4 Nicolene: Hoe het jy geweet dat Olga jou pa se geld gesteel het en nie Fillie nie?

Barries: ______________________________

______________________________ (1)

3.5 Nicolene: Hoekom dink jy dat Olga miskien ongelukkige kinderjare gehad het ?

Barries: ______________________________

______________________________ (1)

3.6 Nicolene: Hoe weet jy dat jy jou vriend, Fillie, nog baie in die toekoms sal sien?

Barries: ______________________________________________

______________________________________________ (1)

3.7 Nicolene: Hoe weet jy dat Fillie 'n ware vriend is?

Barries: ______________________________________________

______________________________________________ (1)

3.8 Nicolene: Vertel my nou van die nuwe romanse in jou lewe.

**Wat** is haar naam en **waarom** is sy anders as jou vorige meisies?

Barries: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 4

**Opstel: *Rolspelers op die pad van Barries se heling en volwassewording***

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **die rolspelers op die pad van Barries se heling en volwassewording.**

- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê.
  Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.

***Paragraaf 1:* Inleidingsparagraaf**

***Paragraaf 2: Sersant Nicolene Schreuder***

- Waarom het Sersant Schreuder gedink dis nie 'n goeie idee om Barries tronk toe te stuur nie? (1)
- Waarom moes Sersant Schreuder saam met Barries op die bus na die Oos-Kaap toe ry? (1)
- Gee twee bewyse dat Sersant Schreuder altyd daar vir Barries was. (2)

***Paragraaf 3: Jona***

- Gee een bewys dat Barries amper sy lewe vir Jona gegee het. (1)
- Noem **een kosbare besitting** wat Barries moes verkoop en sê ook **waarom** hy dit moes doen? (2)
- Hoe, dink jy, het Jona indirek vir Barries gehelp om van dwelms te vergeet? (1)

***Paragraaf 4: Suster Kapoor***

- Hoe het Barries geweet dat suster Kapoor vir hom en sy maats vergewe het, en dat sy nie kwaad is vir hom nie? (1)
- Suster Kapoor het gesê dat Barries nog iets vir sy ma kon doen. Wat was haar advies? (1)
- Suster Kapoor het gesê dat daar een persoon was wat Barries moes vergewe voordat hy kon aanbeweeg. Wie was daardie persoon? (1)

IEB Copyright © 2024

***Paragraaf 5: Paul***

- Hoe het Paul probeer om Barries se liggaam gesonder en beter te maak? (1)
- Hoe het Paul vir Barries gewys hoe onfiks Barries se liggaam was? (1)
- Watter twee geheime oor die verlede wou Paul op die regte tyd aan Barries vertel? (2)

*Al was daar iets fout met sy bakkie, het Paul 'n dag en 'n nag aanmekaar gery om in Johannesburg te kom, want hy was baie bekommerd oor Olga se slegte invloed op Barries.*

- Wat was fout met sy bakkie? (1)

***Paragraaf 6:*** **Slotparagraaf**

**Assessering: 4 punte** word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

**[20]**

IEB Copyright © 2024

***Jou opstel: Rolspelers op die pad van Barries se heling en volwassewording***

***BEPLANNING:***

*Gebruik hierdie spasie op jou vraestel vir beplanning.*
*(Onthou om 'n streep deur jou beplanning te trek.)*

IEB Copyright © 2024

***Jou opstel: Rolspelers op die pad van Barries se heling en volwassewording***

***FINALE ANTWOORD:***

*Gebruik hierdie spasie op jou vraestel vir jou finale antwoord.*

IEB Copyright © 2024

**60 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.

2. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

3. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
   - interpretasie van die opdrag
   - inhoud en idees
   - register en toon
   - taalgebruik

4. **Beplanning van skryfstukke**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk nie.

   - Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

## VRAAG 5 TOESPRAAK



[Bron: Brightsparkz Tutors]

**Situasie:**

Jou finale skooljaar is amper verby. Die hoof het vir jou gevra om met die Graad elfs te praat en vir hulle advies te gee oor hulle finale skooljaar wat wag.

**Opdrag:**

Jou toespraak moet ten minste drie paragrawe en ook 'n inleidings- en slotparagraaf hê.

Skryf nou jou toespraak en verdeel jou paragrawe as volg:

**Inleidingsparagraaf**

**Paragraaf 1: Akademie**

Noem ten minste **twee dinge** wat jy moet doen vir akademiese sukses. Sê ook elke keer **waarom** jy dit moet doen.

**Paragraaf 2: Ontspanning**

Noem ten minste **twee dinge** wat jy vir ontspanning kan doen. Sê elke keer **hoe** dit jou met ontspanning **gaan help**.

**Paragraaf 3: Toekomsplanning**

Noem ten minste **twee dinge** waaraan jy moet dink as jy jou toekoms na skool beplan. Gee elke keer '**n rede** waarom jy daaraan moet dink.

**Slotparagraaf**

**Instruksies:**

- Die inhoud van jou toespraak moet **tussen 180 en 250 woorde** lank wees.
- Jou toespraak moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê.
- Skryf die **totale aantal woorde** onderaan jou toespraak neer.

**[30]**

IEB Copyright © 2024

## TOESPRAAK

***BEPLANNING:***

*Gebruik hierdie ekstra spasie vir die beplanning van jou toespraak.*
*(Onthou om 'n streep deur jou beplanning te trek.)*

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

**TOESPRAAK**

***FINALE ANTWOORD:***

*Gebruik hierdie ekstra spasie vir die finale antwoord van jou toespraak.*

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6 E-POS




[<p.kwikweb.co.za>]

**Situasie:** Daar is iemand by die skool wat jou boelie. Jy weet wie dit is. Skryf 'n kort e-pos aan een van jou onderwysers, met wie jy 'n goeie verhouding het, om advies te vra.

**Opdrag:**

Skryf 'n **e-pos** aan hierdie onderwyser.

In jou boodskap, moet jy oor die volgende aspekte skryf:

- Verduidelik kortliks in jou e-pos **hoe hierdie persoon jou boelie.**
- Sê ook **waarom jy dink hierdie persoon jou boelie.**
- Vra die **onderwyser se advies.**

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragraafindeling volgens die verskillende bostaande aspekte indeel.
- Die inhoud van jou boodskap moet **tussen 80 en 120 woorde** lank wees.
- Skryf die **totale aantal woorde** onderaan jou boodskap neer.

**Formaat vir e-pos:**

<table>
<tr><td>Aan</td><td></td></tr>
<tr><td>Onderwerp</td><td></td></tr>
<tr><td colspan="2">Beste Meneer/Mevrou/Juffrou<br>(Reël oop)<br><br>Inhoud van e-pos<br><br>(Reël oop)<br>Groete.<br>(Reël oop)<br>Jou naam</td></tr>
</table>

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## E-POS

***BEPLANNING:***

*Gebruik hierdie spasie vir die beplanning van jou E-POS. (Onthou om 'n streep deur jou beplanning te trek.)*

IEB Copyright © 2024

**E-POS**

***FINALE ANTWOORD:***

*Gebruik hierdie ekstra spasie vir jou finale antwoord.*

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024

## ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2024